**NG Kerk in SA**

# SENIOR ARGIVARIS

**(Stellenbosch)**

**http://kerkargief.co.za**

Die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes-en-Suid-Kaapland) beskik tans oor ’n vakature vir ’n Senior Argivaris by die NG Kerk se Argief in Stellenbosch. Die datum van diensaanvaarding is 1 Januarie 2016.

## Verantwoordelikhede

- keuring, ordening, ontsluiting en restourering van argivalia met die oog op bewaring en navorsing;
- rekordbeheer en skakeling met kliënte (gemeentes, ringe en sinodes);
- lewer ’n diens aan navorsers en gebruikers van die Argief (persoonlik, telefonies of per e-pos);
- ontwikkel en bestuur die digitaliseringsproses van die Argief en
- bestuur die personeel, begroting en dag-tot-dag aktiwiteite van die Argief.

## Kennis en vaardighede verlang

- kennis van toepaslike Suid-Afrikaanse wetgewing, asook die toepassing daarvan in ’n argief;
- toepaslike ervaring van argivale werk;
- goeie kommunikasievermoë in beide Afrikaans en Engels;
- uitstekende organisasievermoë;
- administratiewe vaardigheid;
- rekenaarvaardigheid en
- deeglike kennis van die NG Kerk-familie se strukture en werksaamhede.

## Minimum kwalifikasie

- ’n toepaslike nagraadse kwalifikasie in argiefkunde of ’n aanverwante dissipline.

## Vergoeding

- onderhandelbaar in ooreenstemming met kwalifikasies en verantwoordelikhede.

## Aansoekprosedure

Stuur u aansoek per e-pos saam met ’n volledige CV voor **21 Oktober 2015** aan:
Die Bestuurder: Menslike Hulpbronne, NG Kerk in SA, Privaatsak X8, Bellville, 7535
E-pos: ngkadmin@kaapkerk.co.za
Navrae: 021 957 7104 (Mnr Kenny Raats)